# STABILIS





kultuur

Seuns bewys hul talent in jaarlikse Kunswedstryd BL 5

nuus

Brynard wys haar veggees en 'vasbyt' vermoë BL 2

hot off the press

Beloved teacher and colleague abducted in Yemen PAGE 2



Blackberry struggles to keep up with rivals on the market PAGE 8

Do Freedom Day celebrations really serve the purpose of commemorating the struggle of years gone by? PAGE 4




Grey Kollege Sekondêr · Bloemfontein · Grey College Secondary · www.gcb.co.za · JAARGANG / VOLUME 47 · NO 2 · Junie / June 2013




Sonder Grey se grootste ondersteuner, Piet May, sal die dag waarskynlik baie vaal wees. Foto: Johann Sonnekus

# Piet genees die gees

## *Legende en 'mascot' se vurigheid is altyd aansteeklik*

**LUAN NEL**

Piet May is vir jare al 'n Grey-ondersteuner en seuns en oud-leerling weet dat Piet May sinoniem is met 'n eerstespan-rugbywedstryd. Met sy wapperende Grey-vlag en sy onderbaadjie en hoedjie aan, mis Piet nie sommer 'n interskool nie, al beteken dit dat hy ver saam met die sportspanne moet reis. Piet toer selfs saam tot in Stellenbosch vir die Paul Roos interskool.

Matriekseuns voel dat Piet se bydrae broodnodig was vir die "herstel" van die skool se gees.

Ruan Kramer,eerstespan-stut, sê dat hy sy eerste drie vir die eerste-span nie baie goed kan onthou nie, maar dat hy Piet se soen op sy voorkop nooit sal vergeet nie. Piero Passerini, PBH se eerstespan-flank, voel dat Piet bydra tot die intimidasie van 'n wedstryd teen Grey.

# A++ is the way to go

**JOSEPH BARETTO**

The 2013 Free State *Kunswedstryd* proved to be a journey of triumph for Grey. Apart from individual entries, Grey also entered the choir, Indomitus, marimba groups, the ensemble and the Boere-orkes in this competition.

This prelude to the competition was gruelling for the teachers and the boys and practice sessions were held every day, for several hours. However, these sessions and weekend training camps paid off well as the groups collected an excellent crop of results.

All the groups entered won A++ symbols and ms Joanie Prinsloo, head of music at Grey believes that, "the boys feed on positive comments and this simply spurs them on to greater heights." An undeniable result is also, "an increased spirit of unity and a desire to excel even more," believes ms Celeste Venter, conductor of the ensemble.

Notification was received that the Grey choir is the 2013 best choir in the Free State; Indomitus is the best singing group in the Free State and Paul Loeb van Zuilenberg and Chris du Toit were recognised as respectively the best violinist and the best cellist in the province. Martin Claassen won the title of best woodwind musician.

This is the first time in the history of Grey College that this consistent level of excellence was maintained.

Mr Christo van Rensburg, music teacher and accompanist believes that this is due only to, "an incredible amount of hard work, patience, talent and co-operation amongst all involved."


Apple iPad Mini 16 Gig WiFi + GSM
R299 +1 Gig Data
On Standard My Gig1 PMX24
Offer valid from 7 February - 7 April 2013. Terms and conditions apply. E&OE.



051 447 2000
Available at the following stores:
Vodacentre Bloemfontein
Vodacom Shop: Mimosa Mall
vodacom

## kortnuus

### Redeneer en debatteer tot in die finaal

**LUAN REYNDERS**

Die bekende spreuk: "'n Mens word altyd vertel om te glo, maar ek sê bevraagteken dinge", is so waar van debatspanne wat in 'n debatstryd moet bevraagteken, redeneer, aanval en verdedig.

Grey-seuns Niel Bezuidenhout, Vince de Beer, Hardus Labuschagne en Julius Zerwick het dié woorde gestand gedoen tydens die semi-finale ronde van die ATKV se redenaars- en debatkompetisie, wat op 17 en 18 Mei in Bethlehem plaasgevind het. Die span wat deurgedring het na die finaal op nasionale vlak, is Niel Bezuidenhout en Vince de Beer, en hulle het die kompetisie gewen. Die finale ronde vind op 18 Augustus in Hartenbos plaas.

Die ATKV-kompetisie is die enigste Afrikaanse kompetisie waaraan redenaars en debatteerders op skolevlak en later op universiteitsvlak kan deelneem. Die kompetisie is bekend vir die hoë standaard wat gehandhaaf word en jaarliks pas die kompetisie aan om leerders verder te slyp in die kuns van debattering en redevoering.

Hardus Labuschagne, een van die semi-finaliste, meen: "Die onderwerp, 'moet onwikkeling in die Kruger Wildtuin toegelaat word', was interessant." Julius Zerwick, Hardus se debatspanmaat, sê jy moet op jou voete kan dink tydens 'n debatskompetisie.



Shéri Brynard en haar ondersteuningsnetwerk. Foto: Verskaf

# Shéri Brynard besoek Grey

## *Jong ystervrou kyk die wêreld vierkantig in die oë*

**JOHAN GRIESEL**

Die Grey seuns was bevoorreg om in Mei 2013 tydens saalperiode vir Shéri Brynard, bekende motiveringspreker by Grey Kollege te verwelkom.

Shéri is intellektueel gestrem. Sy is 'n Down-sindroom persoon en, anders as in die meeste gevalle, is sy nie net gedeeltelik aangetas nie. Elke sel in haar liggaam het 'n ekstra chromosoom. Niks kan haar gestremdheid verander nie en daarom moet sy binne hierdie konteks en beperkings gesien word.

Sy is die eerste leerder met Down-sindroom wat aan Hoërskool Martie du Plessis toegelaat is en in 2000 slaag sy die beroepsgerigte gr 10 (Nasionale Sertifikaat). Die feit dat sy soms meer as een keer gedruip het, het haar nie laat opgee nie. In 2009 behaal sy die N6-kursus aan die Motheo Tegniese Kollege. Sy is die enigste leerder met Down-sindroom wat nog ooit aan die kollege toegelaat is. Dit maak haar dan die enigste leerder met Down-sindroom Suid-Afrika wat 'n nasionale diploma behaal.

Shéri werk as onderwys-assistent by Lettie Fouché skool vir gestremdes en tree oral in die land en in die buiteland op. Sy het onlangs by die internasionale Down-sindroom kongres in New York 'n toespraak gelewer.

Shéri is trots om te wees wie sy is, 'n persoon met Down-sindroom. Sy beklemtoon dat "prestasie word aan jouself gemeet en nie aan 'n ander nie". Die wyse waarop die seuns haar staande toegejuig het bewys dat hulle begrip en respek het vir haar woorde, "'n Wonderlike pianis het by geleentheid gesê dat daar nie iets soos 'n vals noot is nie. Die note mag dalk vir ons verkeerd klink maar in werklikheid klink dit net anders".

## Fondsinsameling dek die tafel vir 'n suksesvolle oorsese toer

**IAN DE VILLIERS**

Toe gemoedere maar bedruk was oor die begin van die nuwe kwartaal, het die tafeltennisspan 'n plan gehad om dié dag net so 'n bietjie makliker vir almal te maak.

Op Dinsdag, 9 April het mev Benita Hancke en haar span 'n ontbyt aangebied om geld in te samel vir 'n beoogde oorsese toer.

Hierdie ontbyt was die eerste in sy soort vir die Grey-familie en ondersteuners. Dit was in die Hamilton eetsaal gehou met twee oud-Grey leerders as gassprekers, naamlik Adriaan Strauss (Springbok onderkaptein) asook Michael Horak (verdedigingsafrigter van die Toyota Cheetahs).

Die tafeltennisspan beplan om in 2014 na Engeland of Shanghai te toer.

"Die ontbyt was vir my baie spesiaal omdat Grey se skoolhoof, mnr Deon Scheepers asook die twee adjunkhoofde, mnre Dries Van der Wal en Tommie Cronjé dit bygewoon het", aldus mev Hancke. Vorige skoolhoofde dr M. Heyns en mnr J. Volsteedt was ook gaste.

Stephan Hansen sê dat hy en al die ander tafeltennis spelers opgewonde is oor volgende jaar se toer.

Op Donderdag 20 Junie 2013 word 'n dans aangebied vir fondsinsameling. Verdere inligting is op die skool se webblad beskikbaar. www.gc.co.za

# Drag tydens toere wissel tussen gemak en handhawing van beeld

**PIERRE DU PLESSIS**

Onlangse besprekings in die personeelkamer was gefokus op die kleredrag van beide leerders en onderwysers tydens toere. Om te bepaal wat die nuwe regulasies behels, is vrae gerig aan verskeie betrokkenes.

Een van die vrae was of die onderwysers dink die beeld van Grey beter gehandhaaf sou word indien leerders in skooluniform reis, waarop mnr Roelf Meyer gesê het, "Grey-seuns word altyd onder 'n vergrootglas geplaas deur die gemeenskap. Ons moet besef dat selfs buite skoolverband, daar 'n verpligting op ons rus om die skool se beeld te handhaaf." Mev Doré Lourens meen dat, "Dit sou baie goed vir Grey se beeld wees as die leerders in skooluniform reis. Sommige seunsskole trek altyd skooluniform aan as hulle reis. Dit was nog altyd deel van die Grey-prentjie om netjies te wees en eintlik verwag die publiek van Grey-seuns om altyd netjies te wees."

Aan die ander kant van die spektrum is mnr Fanie Reynders so van mening, "Die toere is meestal vir sport - daarom sou 'n netjiese sweetpak die antwoord wees vir langer afstande. Op korter ritte sal skoolklere heel geskik wees."

Eben von Gericke in graad 11 meen, "Ja, almal dink dat die 'nuwe' reels sleg is, maar eintlik is die reels nog altyd ingestel. Baie minder aandag was aan hulle gegee, en mnr Scheepers het die skool net weer ingelig wat die reels nog altyd was."

Die meeste van die seuns het gesê hulle sou eerder in die skool se sweetpak reis; verskeie het bygevoeg dat dit netjies lyk wanneer die skooluniform gedra word.



Gemak nie altyd die enigste oorweging vir toerdrag nie. Foto: Hanno du Preez


Grey scores with Hertz



Hertz now offers preferential rates to everyone associated with Grey College.

Hertz travel advantages go a long way toward ensuring a carefree travel itinerary – whether on business or at leisure. Our reputation speaks for itself:

- World's largest car rental operation
- Prime airport and downtown locations in SA and abroad - over 7000 locations in over 140 countries
- Comprehensive up-to-date fleet, from luxury to runabout
- Door-to-door collection and delivery service
- 24-hour call centre for roadside assistance, information and emergencies
- Chauffeur drive service
- FlyDrive packages at highly competitive rates
- Hertz arranges specially adapted vehicles for physically challenged drivers, as well as baby car seats for our younger travellers

For your preferential Grey College rate go to **www.greycollege.co.za** and click on the Hertz logo or call **0861 600 136.**
Terms and conditions apply.

Hertz
#1 in car rental worldwide


## Vakkeuses beoog om loopbaanmoontlikhede te verbreed

**ETIENNE ERASMUS**

Die volgende voorstelle vir uitgebreide vakkeuses is onlangs voorgelê:

Leerders kan Afrikaans en Engels vanaf Graad 10 op huistaalvlak te neem. In graad 8 en 9 mag leerders kies tussen Sesotho 2de addisionele taal en Duits 2de addisionele taal. In graad 10-12 mag leerders kies tussen Afrikaans eerste addisionele taal of Engels eerste addisionele taal.

Die volgende vakke word nuut aangebied: Siviele Tegnologie, wat volg op graad 8 en 9 se Tegnologie. Dit moet egter in ag geneem word dat dit nog nie op universiteit erken word nie

Toerisme sal goed werk in kombinasie met Duits, TRT (CAT), Besigheidsbestuur, Geografie en Geskiedenis. Die moeilikheidsgraad hier is nie te erg nie, maar dit word ook nie deur universiteite erken as vrystellingsvak nie.

Sport- en Oefeningwetenskap is 'n aanwins vir leerders wat sport 'n loopbaan wil maak. Dit word egter sover ook nie erken as vrystellingsvak op universiteit nie.

Ekonomie is 'n moeilike vak en dit word aanbeveel slegs vir leerders met 'n gemiddelde persentasie van 65% en hoër. Dit word deur universiteite as 'n vrystellingsvak erken.

Indien 'n vak geïmplimenteer word, kan dit ook as 'n addisionele vak aangebied word soos huidiglik die geval met Duits en IGO is.

Daar word ook oorweeg om saam met Eunice en ander skole vakke soos bv. Drama, Kunste en Visuele Kunste aan te bied.

Indien belangstelling nie 'n klas regverdig nie, kan dit buitemuurs aangebied word.

Alle ouers sal op die hoogte gehou word van verdere ontwikkelings in die verband.

# Dié kaptein is die beste motivering

*Adriaan Strauss se aksies spreek selfs nog duideliker as sy woorde*

**LUAN NEL**

Met 'n volle 111kg en 'n lengte van 1,84m staan hy sy skoene vol; 'n sagmoedige dog selfversekerde reus met die hart van 'n leeu. Adriaan Strauss, menige seun se held en rolmodel, het sy alma mater op 10 Mei 2013 besoek en terselfdertyd die seuns gemotiveer voor die 60ste interskole-kragmeting tussen Grey en Afrikaans Hoër Seunskool, Pretoria. Jan Adriaan Strauss, oud-Grey en Springbok rugbyspeler draf uit as haker en kaptein vir die Vrystaat Toyota Cheetahs in die Curriebeker en Super-rugby kompetisies.

Hierdie oud-onderskoolkaptein van 2003 het daarop gewys dat die klein dingetjies die lewe die moeite werd maak, die klein dingetjies wat herinneringe bou wat jy na skool sal saamneem. Hy glo dat 'n mens ook die groot oomblikke in die lewe moet geniet. Elke seun moet die geleenthede wat Grey hom bied aangryp. Interskole-naweke, soos dié met Affies, durf nie as vanselfsprekend aanvaar word nie want daar is min dinge na skool wat daardie "butterflies" gee. Hy het verder 'n ernstige beroep op die seuns gedoen om betrokke te wees en mekaar te ondersteun - nie omdat jy moet nie, maar omdat jy wil.

Strauss meen het hy al die geleenthede in sy lewe grootliks aan Grey te danke. Die potensiaal wat op die skoolgronde rondloop, is verstommend en hy is oortuig dat die gesamentlike potensiaal van die Grey manne berge kan versit. Te midde van alle onvermydelike veranderinge, glo hy dat die die Grey 'gees' nooit sal verander nie. Sy loopbaan was vol hoogtepunte waarvan Grey se oorwinning teen Paul Roos in sy matriekjaar altyd sal uitstaan; sodoende het hulle daardie jaar onoorwonne afgesluit.

Die ongelooflike leierskap wat Strauss openbaar as kaptein van die Cheetahs, sowel as destydse onder-skoolkaptein is klinkklare bewys daarvan dat die volbring van 'n man se potensiaal op homself berus.



**Adriaan Strauss, 'n man van aksie.** **Foto: Grey Argief**

# First black learner addresses assembly on Freedom Day

**MOELETSI MOLEMELA**

As part of Freedom Day celebrations, on Thursday 25 April 2013 Grey College had a Freedom Day-themed assembly. Three Grey College staff members , Mrs Hester Roos, Mr Craig Steyn and Mr Naresh Mahabeer, each from a different generation, delivered speeches on their idea of what freedom is and what Freedom Day means to them.

Felix Mokoena, currently a member of the school governing body, matriculated from Grey in 1997 as the school's first black student. Felix, who was a prefect elected by fellow Grey boys of the time, addressed the assembly. He described his first day at Grey and he also described how it was to be the only black student in a teeming ocean of white faces at the time. He remembers looking around him and feeling utterly isolated, yet realising that in order to secure a better life for himself he would have to persevere.

Mokoena understood that using his freedom was his own responsibility, and therein lies a valuable lesson.

On Friday 26 April 2013 the Grey boys walked to the Free State stadium. Malelo Mweemba, grade 9, believes that the celebrations could have been better organised. As he says, "All we experienced was food, flags and a show which did not really commemmorate Freedom Day."

## late news

## Korkie family taken hostage in Yemen

**CHARL THERON**

Pierre Korkie was a Biology teacher at Grey College for more than 20 years, and in that time he impressed colleagues and learners alike with his hard work, reputation for fairness and the passion he had for helping lesser-privileged people. It is precisely this passion that led him to bid Grey farewell and emigrate to Yemen with his family. Mr Korkie, his wife Yolande as well as his 2 children left South Africa at the end of 2009 after which they went to Yemen to work for the NGO, Rafah Foundation for Development.

Mr Korkie returned to Grey for a brief visit two years later, and he told of the hardships they encountered and the suffering that they wished to alleviate. It was thus with shock that the world learned of the abduction of Pierre Korkie, his wife and their children from a hotel in the city of Taiz. The Korkie family were apparently on their way to South Africa for the funeral of mr Korkie's father in Port Elizabeth when the abduction occurred.

The children have allegedly been released and are safe at an undisclosed location, and it is speculated that the abductors mistook the South African couple for Europeans or Americans. No demands which could lead to their release have been issued and no negotiations have been entered into.

Any speculation that a branch of Al Qaeda could have been responsible for this crime is discouraged as this could complicate the situation.; however, the department of foreign affairs is monitoring the situation.

# Unite to stop the erosion of a venerable tradition

**JEDD CAMPBELL**

The essence of Grey is conveyed in the powerful lyrics of our school's song, an anthem that has been part of our tradition for many years. It is there to create an atmosphere of unity and pride in our school and should be sung with respect and zeal. It is a legacy we must hold in high esteem.

However, lately it would appear that learners have lost the respect this venerable tradition deserves and that very little attention is given to this important aspect of Grey's heritage. Especially the younger grades do not always respect the school song. It has become a chore rather than a privilege and an honour, and this is noticeable in the lack of passion and gusto when the anthem is sung during the assembly period.

The majority of the younger pupils do not seem to know all the lyrics and many verses are heard as a mumble. In addition, learners do not stand up straight, hands are not held respectfully at their sides and learners pull faces, grimace and look around while haphazardly staring around them to see where alternative entertainment might lie. This is very embarrassing to hear in the presence of guest speakers. Very little enthusiasm is shown. Where is the spirit? Where is the pride in the school anthem? Where is the sense of unity and belonging? Whether out of ignorance or out of disregard, this is an issue of respect and very serious attention is needed to resurrect this tradition. Singing our school song is an occasion that demands all Grey boys should come up to scratch.

Nevertheless, whatever the reason, a solution to this problem must be arrived at. Does the answer lie in extended periods of singing in the hall prior to the actual assembly, or does the answer present itself in healing and rejuvenating the attitude of the learners; the so-called 'gees' which seems to be sadly lacking?


Stabilis spoke to a number of learners in this regard and Nkahiseng Relepeli in grade 11 perfectly summarised the general feeling amongst learners. He believes as follows, "Firstly, learners must again consider their pride in the institution they attend and the inherent tradition they also accepted."

This would imply that every learner should realise that the responsibility of reflecting pride in their school lies with them and as such, show that pride when you sing the school anthem: "Staan ons Grey Kollege heg en sterk, beroemd vir spel en goeie werk..."




**Ask not what your school can do for you...** **Photo: Henry Galloway**

makro
BLOEMFONTEIN
Supports Grey College



## kortnuus

### Koshuise word bemark op opedag

IAN DE VILLIERS

Op Saterdag 1 Junie is Grey se eerste opedag gehou, om veral die bemarking van die uitstekende koshuisgeriewe 'n hupstoot te gee.

'n Bemarkingspan, onder leiding van professionele bemarker, me Alda Fourie het slegs 'n paar weke gehad om die geleentheid van stapel te stuur.

Ten spyte van die mistroostige weer was daar genoeg besoekers om die oefening die moeite werd te maak. Volgens mnr Craig Steyn, ook 'n lid van die bemarkingspan, is "die belangstelling deur mense van selfs buite die Vrystaat, waar min tot geen bemarking vir die geleentheid gedoen is, genoegsame aanduiding dat die dag suksesvol was."

Die dag is geadverteer deur middel van straatplakkate, koerantadvertensies en op die skool se amptelike webblad. Op die dag is besoekers verwelkom deur musiek verskaf deur die musiekdepartement en verversings is bedien. Daarna kon almal in klein groepe 'n toer van die skoolkampus meemaak.

## important dates

| | |
|---|---|
| **21 June:** | School closes |
| **8-12 July:** | Grey / ABSA Academy |
| **15 July:** | School re-opens |
| **24-27 July:** | Choir ATKV Applous (final) |
| **15 August:** | ATKV Public Speaking & Debate (Hartenbos) |
| **30-31 August:** | Music Festival |

# Don't look back in anger...

*Three learners face a crowd to each tell a story*

KHOTSO KHOKHO

Nineteen years ago a nation was born and with that nation, along came a generation. A generation of "born frees". A generation of children who could rise above racism, hatred and the pain-filled memories and bloodshed of our nation's dark past.

And on the eve of freedom day, as part of the freedom day celebration, Grey was required to send three quintessential Grey boys to face the daunting task of talking in front of an indifferent crowd about what freedom meant to them.

Raul Henning, De Villers Nel and Neo Helepi, all in grade 11, were chosen to explain what freedom meant to them; each from a different background and each of them with a story to tell.

The stage was set, the pressure was on... and the audience was apathetic. Something drastic was urgently needed to change the ambience. And as the school and assembled guests in the Free State stadium watched and listened, the three Grey boys mesmerised the crowd. When the occasion demands it, a Grey boy always comes up to scratch, and on that day, April 24 2013, these three, in typical Grey fashion, rose to the occasion and made us proud.

It is on days like these that one remembers the true meaning of freedom; "Freedom is not having the right to do anything you want, it is having the ability to do what is right". It is on days like these, when one remembers what it truly means to have 'Grey guts.'

Here's to DeVillers Nel, Neo Helepi and Raul Henning - true Grey Gentlemen.



**We commemorate Freedom Day lest we forget Tata Madiba's vision of freedom for our country. Photo: Supplied**

## Sports events cause traffic congestion at school

CHARL THERON

The first team rugby match is always the highlight of an interschools weekend. After everyone else has finished their sports and cultural activities, it is time for the pride and joy of the school to play their hearts out, and it's all about backing the boys till the very end. Not only do Grey boys attend, but also old boys, parents and supporters of the opposing team.

The problem starts when the supporters start leaving. As soon as the first spectators leave, a massive traffic-jam arises. This is sometimes so bad that motorists have to wait at least 30 minutes to get out of the school gates.

Many spectators think that Grey College is the main reason for the traffic being so bad. "The school should try to manage their traffic as if it were a professional rugby match," says a very enthusiastic rugby supporter. Curtis Smit (Gr.9) and his family think that the traffic after the first team match is a big problem that definitely needs to be looked into.

There are, however, possible solutions to the problem; for one, some of the traffic can be channelled through Eunice. The already existing gate between the two schools could be opened. A gate at the end of Sir George Grey Avenue, between the university and Grey, could allow traffic to exit via the back of the Grey premises.

There are potential solutions to this problem and only careful thought and planning are needed to see these materialise. This will also assist with the traffic congestion on Fridays when hostel boys leave for weekends away.

Supporter of Grey College

FNB
First National Bank

How can we help you?

Coca-Cola Fortune (Pty) Ltd

Supports Grey College Sport

Coca-Cola

live on the Coke side of life

# Family that works together stays together

VUYANE NDZISHE

Families can be colleagues, and this is evident at Grey. We have the Cronjé brothers and son, the Venter brother and sister and also mrs Louise Pretorius and her son Stephan – better known as mr Putu. Mrs Pretorius started at Grey in 1985 as a supply teacher.

She was involved on and off but was appointed in a permanent position after the passing of her husband. Dr Michau Heyns, principal at the time, was compassionate of her situation as she had three children to raise. "Grey was my haven at that stage and it came at the right time", says mrs Pretorius.

"Working with my mother is great. I enjoy seeing her every day and I have so much love and respect for her; she coped wonderfully as a single parent", says mr Pretorius. His mother claims that she calls him by his real name, Stephan.

Also an old-Grey, mr Pretorius has been at Grey College for seven years and teaching here was the obvious choice. "There has been a change in the boys over the years", says mr Pretorius. "The boys aren't as loyal as the older boys were, but the new generation really works hard. My experience at Grey has been wonderful."

Mr Pretorius realised that a sedentary career was not for him after he had a desk job in England. He is also a part-time preacher for the Towers of Hope congregation, and he and his wife Eunice work hard in outreach and upliftment amongst people who have lost their way in life. Even from behind the pulpit, mr Pretorius has proved himself to be a dedicated 'teacher'.

With the birth of the Pretorius couple's son Willem, mrs Pretorius's first grandchild, the possibility exists that the legacy of teaching could perhaps continue. Given the fact that he has such excellent role models, this is not impossible.

Teaching is a privilege for mother and son, but the profession has enormous challenges. There never seems to be enough time to make sure that the syllabus has been covered.

Their unique relationship as colleagues is professional and it is important to them never to embarrass each other. "I am proud to see that my son has developed into a true professional. He has also realised that what I said is true: once Grey has you, it won't let go."



**Mother and son share a passion for good coffee and enthusiasm for teaching. Photo: Johann Sonnekus**

# Music at Grey sets the benchmark

*Kunswedstryd achievements follow a year's dedication to a passion*



**A number of music pupils bask in the glow of their well-deserved achievements.** **Photo: Hanno du Preez**

**JOSEPH BARRETO**

The annual Kunswedstryd took place this year between the 1st and 28th of May and as always, a large number of learners entered this competition. Considerable hard work and effort are synonymous with the Kunswedstryd and this year was no exception. The Kunswedstryd is a competition of music, where judges assess and rank groups and individuals according to their performances. All Grey's music groups took part in this event, and achieved particularly outstanding results. The choir was awarded an A++; Indomitus - A++; the ensemble - A++; the band: A+; the senior Boere-orkes was awarded A++ and the marimba group also boasts an A++.

Mr Johan Cromhout, currently head of music at St Michaels school for girls was one of the judges at the Kunswedstryd. He received his doctorate degree in music this year, and this expert had only complimentary remarks about the boys' performances. The dedicated boys practised very hard during the past two terms, and this is clearly reflected in the results that everyone received. Mrs Celeste Venter believes, "It is extremely important for Grey College to take part in the Kunswedstryd because it helps us to measure ourselves against other institutions".

Ms Joanie Prinsloo is equally satisfied with the results and states as follows, "I am utterly ecstatic about the results. The A++ achievements of all the music groups is a great reward for all the hard work during a very hectic term. Congratulations and thank you to all the Grey boys who contributed towards this successful event". Not only did the Grey Choir receive an A++ at the Kunswedstryd, but they also took part in the national ATKV Applous competition, where they received gold.

Next term the choir will be competing against Affies and other choirs in the final round of the ATKV. With the whole-hearted support of the school, the Grey boys will once again rise to the occasion.

## staccato



### SA aanhangers is ook wêreldklas

**LOUIS SCHOONWINKEL**

Net soos Suid-Afrikaanse vermaak, speel Suid-Afrikaanse aanhangers van wêreldberoemde musiekgroepe en sangers lankal nie meer tweede viool teenoor die res van die wêreld nie.

Vanjaar het verskeie van die wêreld se bekendste en suksesvolste kunstenaars na die suidpunt van donker Afrika gekom waar hul jillend ingewag is deur duisende Suid-Afrikaanse aanhangers. *Swedish House Mafia*, Justin Bieber, *Metallica* en *Bon Jovi* is maar van die bekendstes wat die land en ons musiekbedryf in rep en roer gehad het met hul toere na Suid-Afrika vanjaar.

*Swedish House Mafia*, die wêreldberoemde DJ-groep van Switserland, het selfs Suid-Afrika as bestemming gekies vir hul laaste optrede voor hulle as groep ontbind het.

Aanhangers doen gewoonlik baie moeite om hul musiekhelde in lewende lywe te sien en selfs onder sommige van die Grey-seuns was daar 'n groot opgewondenheid te bespeur na aanloop van dié reuse-optredes. Nie net het Suid-Afrika wêreldklas-ondersteuners nie, maar ons het ook wêreldklas-musiekgroepe.

Suid-Afrikaanse musiek-groepe het aanhangers regoor die wêreld. Voorbeelde is die Parlotones en Freshlyground, wat alombekend is en regoor die wêreld toer.

## Affies intercultural evening sets the tone for weekend

**JOSHUA STEVENS**

The Grey-Affies inter-high is one of the biggest highlights on the Grey calendar, as it signifies the first opportunity to test Grey's mettle against a tough adversary.

Before the clash on the main field on the Saturday afternoon, the Friday evening is devoted to a celebration of music between the two schools.

As with sports, this event is also the first performance for which most of Grey's music and cultural ensembles prepare throughout the first half of the year. It serves as a practice run to improve on subsequent performances and competitions. To accommodate the large audience from Bloemfontein and Pretoria, the Centenary Hall was used and the technical support was provided by Blazing Black.




The Grey choir set the evening in motion with a performance of pop group Fun's *Some Nights* with the Drumline. A spectacular rendition of the recent James Bond film theme, *Skyfall*, was performed by a collaborative orchestra of Grey and C&N Meisieskool Oranje. The school's a capella singing group, Indomitus, performed a sentimentally sweet ode to schoolboy crushes, *She's The Girl*, as well as other songs. A more alternative mode was set by the Ensemble, with Joseph Baretto as the soloist with their rendition of *Smells like teen spirit*.

Affies had their share of stellar performances as well. Their imposingly large choir performed a work by South African composer Johan Potgieter, *Arena*, which evoked the scenes and noises of a blood-bespattered arena in ancient Roman times. A more relaxed tone was set with the performance of their Swing Ensemble, which performed *Satchmo*.

Finally, both school choirs concluded the occasion with a mass-item rendition of Bill Withers' *Lean on Me*. Unanimous positive reception indicated that the intercultural evening is a proud tradition that both rival schools will cherish for generations.







## Die pad loop tot 'n einde

Die matrieks het hulle laaste bushalte bereik. Vir oulaas stop die bus van 2013 vir 'n ordentlike ruskans…

Die afgelope kwartaal het baie opgelewer. Sommige van die uitslae op die sportterrein het baie se koppe laat sak oor hierdie jaar. Ek dink nie die kwaliteit van 'n jaar en sy leerders moet slegs hiervolgens gemeet word nie. Dit is tyd dat ons meer na dinge wat saak maak moet begin kyk. Wat help dit as 'n mens alles op die sportveld wen, maar jy verloor respek, liefde en ander meer kosbare wedstryde?

Hiermee sê ek glad nie dat die krapmerke op 2013 se bus mooi is nie. Natuurlik maak dit seer. Soms baie seer - om jare se trotse wen-tradisie met 'n verloor te breek.

Daar is egter dinge wat belangriker is. Al loop jou gevoelens soms anderpad. Dinge met ewigheidswaarde. Wat jou eendag, na alles, by die regte eindbestemming gaan bring. Dis dinge wat mens mos eintlik by Grey moet leer. Dit is wat 'n jaar sterk maak. Ons moet dit weer begin besef…


Bo-oor al die merke staan daar steeds in vetgedrukte letters geskryf. In blou, oranje en wit. Grey. Dis tog 'n saak wat groter is bly alles wat in 'n jaar gebeur.

My jaar as redakteur was insiggewend. Interessant. Maar bo alles, 'n geweldige leerskool. My menswees is hierdeur verryk, en my menswees is soms geskok deur mense se nalate. Die 'gee-nie-om-houding'. Die 'iemand-anders-sal-dit-doen-houding'. En dit het my ook gedryf tot selfondersoek. Doen ek dít wat ek afkeur in ander? Is ek regtig altyd dit wat ek wil wees?

En met my laaste paar woorde wat ek aan Stabilis rig, wil ek graag 'n wens uitspreek. Iets op my hart uitkry. Dat ons eendag met 'n groot vaandel bo ons bus sal ry. Met die woorde uit Grey in Union:

"If we win, lose or draw, we will give Him all the glory."

Mag elkeen onthou van die dinge in die lewe wat saak maak en Grey vir die toekoms bewaar. My jare op hierdie plek was onvergeetlik. Dankie, Grey Kollege.







## Stel altyd die instansie se belange bo jouself

Baie geluk met die koshuis se opedag! Alhoewel ek nie self daar was nie, is dit baie positief ervaar deur die wat wel dit bygebring het. Ek wil graag reageer op dit wat u vir ons hier weergee oor wat die skool in die algemeen vir sy leerders bied tans.

As 'n ouer wat tans kinders in die Grey het, word uit hulle monde dikwels die woorde gehoor dat die persepsie daar is dat "die skool Grey" in die een of ander rigting beweeg of dat "die skool Grey" op die een of ander manier presteer, vanaf bo gemiddeld tot minder goed in sekere gebiede. In meer as 150 jaar wat die skool bestaan was dit die leerders wat op daardie oomblik in die skool was, wat die skool se toekoms bepaal het.

In 'n samelewing waar die individu se regte en voorregte absoluut beskerm word, is die eerste gedagte nie wat kan ek vir my naaste, my skool of my gemeenskap doen nie; veral nie in die huidige in ons land se geskiedenis nie.

Ons as ouers, die leerders tans in die skool en die personeel het 'n uitdaging om die toekoms van Grey Kollege te verseker in die woorde wat u in die gimnasuim gevind het en daarby die woorde van John F Kennedy: "Vra nie wat my land (skool) vir my kan doen nie, vra wat kan ek vir my land (skool) doen".

As elke leerder net sal besef dat alles in die lewe mettertyd nie net oor jouself gaan nie, sal die ingesteldheid en selfsug teenoor die skool ook binnekort verdwyn, en sal almal saam werk ten goede.

Baie sterkte met al die planne en met die res van die jaar. U het ons volle ondersteuning.

***- BCS***

# Six Cokes met die drie rasieleiers

*Pieterjan ondersoek hierdie nuwe verskynsels op Grey se rugbyveld*




Luan, Ryno en Albert praat uit teenoor Pieterjan. **Foto: Henry Galloway**

SIX GUNSTELINGE

KOS: R– POTJIEKOS. A– SUURLEMOEN, SOUT EN…, L– NET VLEIS.

RUGBYSPAN: R– CHEETAHS. A– QUEENSLAND REDS. L– WP.

KLERE 'BRAND': R– DIESEL. A– ENIGE 'VINTAGE' BRAND. L– CONVERSE ALL STAR

FLIEK: R– SAVING PRIVATE RYAN. A– SHERLOCK HOLMES. L– CATCH ME IF YOU CAN.

CELEBRITY: R– ARNOLD SCHWARZENEGGER. A– ROBERT DOWNEY JR. L– VIN DIESEL

**PIETERJAN ELOF**

*Wat geniet jy van 'cheerleader' wees?*

Ryno Steyn: Om die gees van die skool te lig en die wedstryde opwindend te maak.

Albert de Wet: Om voor 'n duisend seuns te staan en te hoor hoe hulle uit volle bors sing, is iets anders. Dit is 'n hoendervleis-oomblik. Om na die tyd te hoor by ouers en oud-Greys hoe hard en goed die gees is, stel my tevrede.

Luan van Niekerk: "Die aandag…

*Wat gaan jy mis van Grey?*

Ryno: Verseker al my vriende en die tradisies

Albert: My vriende, interskole, Grey-balls, koshuis-teen-stad galas, spesiale saalperiodes en die 'Crockies call' voor 'n wedstryd.

Luan: Al my vriende.

*Watter snaakse gebeurtenis by die skool sal jou altyd bybly?*

Ryno: Toe ek en Fanus in gr10 mnr Theron se asblik aan die brand gesteek het…

Albert: Ja, ek het hom nog nooit in so 'n hoë toonhoogte hoor skree nie.

Luan: Graad 9, toe ons Russian Roulette gespeel het om te kyk wie die pak by mnr 'Bobby' moet vat."

*Wat kom volgende vir julle?*

Ryno: Ek gaan aan met atletiek en ek gaan Mynbou en Geologie swot.

Albert: Ek wil graag BVSc (Veeartsenykunde) studeer by Tukkies, maar die keuring is maar rof. As ek nie keuring kry nie sal ek 'n BSc graad aanpak.

Luan: Ek gaan Stellenbosch toe om B.Comm te 'swot' en ek wil ook my kommersiële vlieglisensie kry.

Dis duidelik dat hierdie drie manne hulle nuut-opgelegde plig baie ernstig opneem.

STABILIS *Contact STABILIS at: P.O. Box 13001, Brandhof, 9324 or e-mail: post@gc.co.za*


Redaksielys 2013

**KERNREDAKSIE**
**Hoofredakteur:** Pieterjan Eloff
**Subredakteur: Nuus** Luan Reynders
**Subredakteur: Sport** Jason Long
**Subredakteur: Diepte** Daniël Steenkamp
**Subredakteur: Joernaal** Reinhard Arndt
**Subredakteur: Kultuur** Malan Bosman
**Hooffotograaf:** Hanno du Preez

**NUUSREDAKSIE**
Vuyani Ndzishe, Jedd Campbell, Ian de Villiers, Luan Nel, Etienne Erasmus, Charl Theron, Moeletsi Molemela, Johan Griesel

**SPORTREDAKSIE**
Armand Pretorius, Hugo Richter, Donovan Edeling, Gary Dykman, Kassel Rothmann, Julius Zerwick, Berno Maarsingh, Frans-Hendrik Badenhorst

**DIEPTEREDAKSIE**
Tshepa Seqebo, James Parsons, Matthew Barnard, Rohan Cloete, Niel Bezuidenhout, Albert Potgieter, Keo Matshele

**KULTUURREDAKSIE**
Joshua Stevens, Joseph Barreto, Louis Schoonwinkel

**JOERNAALREDAKSIE**
Naledi Mohapi, CF Marais

**KUNSTENAARS**
Darren Louw, Kent Campbell

**FOTOGRAWE**
Marchant Pienaar, Henry Galloway, Johann Sonnekus, Kempen Higgo, SJ Coetzee, Frans-Hendrik Badenhorst (vryskut)

## More subjects, more options, wider choices

**KEO MATSHELE**

During an assembly earlier this month, Mr P. Wessels announced the school's planned introduction of more subjects, namely Sesotho, Economics, Sports Sciences, Civil Technology and Tourism. There is also an intended option of learners being allowed to offer both English and Afrikaans on home language level, under certain conditions and after due consideration.

The idea behind this is that by broadening the subject choice of students, the marketing appeal of the school will increase as many outsiders feel that Grey College is a school only for learners interested in sports and thus, caters mostly to the needs of such students. DJ Basson, a grade 10 learner, says, "The new subjects don't really affect me personally. I think it would be great for the school to expand and diversify the subject choices. These subjects would definitely raise the level of interest in the school and learners would be able to enjoy their subjects more."

The implementation of the subjects is based on the level of interest from the learners in the particular subject. If the interest is adequate, then it will be introduced as a mainstream subject (subjects that are part of the standard school day). If the level of interest is not sufficient, it might be introduced as an extra subject. If there is a very low level of interest in the subject, then it is possible that the subject will not be available next year.

Mr Wessels states that, "A similar survey might be held every few years to continuously test the level of interest for the possible introduction of even more subjects."



**Na amper 'n leeftyd as skoolhoof is mnr. Johan Volsteedt nou die bestuurder van die skool se trusts.** **Foto: Johann Sonnekus**

# Trusts is steunpilaar vir toekoms

*Jock Meiring- en Bram Fischer-trusts lewer groot bydrae tot skool se groei*

**ALBERT POTGIETER**

Baie Grey-seuns loop gedurende pouse met die geplaveide paadjie langs na Grey Together. Almal het seker al die nuut-geboude kantoor, op die hoek van die museum met mnr. Johan Volsteedt agter die lessenaar en die Grey-wapen op die venster, opgemerk.

Wie weet egter regtig wat die Jock Meiring- en Bram Fischertrust is? Die Jock Meiringtrust is vernoem na John Murray (Jock) Meiring en is in 1973 gestig. Meiring, wat in Winburg gematrikuleer het, het as 'n jong onderwyser met baie planne en entoesiasme na Grey gekom. Hy is in 1922 aangewys as prinsipaal en het dadelik die noodsaaklikheid van 'n laerskool en 'n nuwe koshuis besef.

Ook in later jare het hy gehelp met die daarstelling van 'n "kindergarten" by Grey. Daarom is die Jock Meiringtrust gestig, met die doel om fondse in te samel vir die instandhouding en verbetering van fasiliteite by die skool. Die trust beplan om in die nabye toekoms die vervanging van die Astro-mat en die herstelwerk van sekere skoolgeboue te finansier.

Die geboue by College Square word op 'n langtermyn-basis aan verskeie maatskappye verhuur. Die inkomste gaan na die Jock Meiringtrust en word gebruik vir projekte op die terrein. Die Bram Fischertrust het weer 'n heeltemal ander doel voor oë. Dié trust beywer hom daarvoor om aan seuns wat finansieel sukkel ook 'n geleentheid by Grey te bied.

Die trust hanteer ook die fondse van die Grey Absa-akademie. Dit impliseer dat bydraes tot dié trust vir maatskappye "BEE"- punte kan verwerf. Die trust is in 1997, met die samewerking van oudpresident Nelson Mandela, in die lewe geroep en is vernoem na 'n beroemde oudskolier, Abram Louis Fischer. Hy het in 1925 gematrikuleer en was 'n student aan die Universiteit van Oxford.

Hy is veral bekend vir die Rivonia-verhoor in 1964 en het diep spore in Suid-Afrika se stryd teen apartheid getrap. Beide trusts is baie suksesvol en donasies van oud-Greys, van maatskappye, asook van persone oorsee word gereeld ontvang. Talle projekte lê in die vooruitsig.

## Mystery of the missing school captain

**JAMES PARSONS**

The absence of a name on the boards inside the Reunie Hall under past school captains is apparent in 1928. This absence was noted by chance by one of the current learners during a hall period.

It appears that there is no record of a school captain in 1928 and with Old Greys from this time being very few and hard to find this may just remain an unsolved mystery for the rest of time for Grey College.

With a search being led by previous headmaster of Grey College, Johan Volsteedt, an attempt to recover this information is being made. So far Dr Barry Fichardt and prominent Old Grey Edwin Grant could also not shed any light on the matter.

According to the 1928 magazine there was no school captain and in the magazine it is joked that possibly no one was considered good enough to lead the school in that year. The exact wording in the 1928 magazine reads as follows: "Perhaps they do not advocate a school captain in 'twenty-eight; Doubtless there is some candidate for captaincy. The need so great as to occasion a long wait; Until he's in a fitter state - the captain to become." It continues as follows: "Perhaps in 'twenty-nine we'll see a captain who is quite worthy of gaining rank of captaincy; A noble type of boy will he, the future captain have to be. I think they ought to pick on me - the captain to become."

A scholar at Grey noticed the absence of the name towards the end of may 2013. He then enquired who the school captain was in that year and with no one able to answer his question the search for the missing school captain begun.

According to the magazine the question can be raised whether something went wrong is 1928, disqualifying the school captain elected for that year. It is interesting that the principal, Jock Meiring, did not mention it at all in his annual report for the year.




**In 1928 a notable gap can be seen.** **Photo: Johann Sonnekus**

## The 'system' will not prepare you

**TSEPA SEQEBO**

Life after school needs thorough preparation and the current education system is structured to prepare learners for their careers. The high rate of first year university dropouts leads to one critical question: Does the current education system in South Africa provide enough opportunities for learners to maximize their potential?

At Grey more subjects might be taught in future, namely; Economics, Sports and Exercise Science and Civil Technology. This creates more opportunities for Grey boys.

Are all of these opportunities sufficient for future success? "Academic success does not guarantee success after school," says Mrs Esta Hattingh, psychologist at Grey College. Why? It is because secondary schools do not fully prepare learners for life after school. High schools tend to spoon-feed learners. This blocks the ability of the learner to be creative.

In most universities the Socratic method is used for teaching; this method uses asking questions based on what is already known by the students. The method aims at deepening understanding of that particular subject.

The education system of SA accommodates all learners in SA, but improvement is still needed to effectively prepare learners to be the best the can be.




Old Greys.....
Did you pay your annual subs?

T: 051 4445799
F: 051 4443203
Sel / Cell 082 770 6622
E-pos | E-mail:
reunie@greycollege.com

Reünie

## SA is geskikte plek vir neem van landspoed-rekord


**ROHAN CLOETE**

Volgende jaar, as alles goed gaan, sal Suid-Afrika die gasheer wees vir 'n nuwe landspoedrekord. Die Bloodhound SSC (supersoniese motor) is 'n vuurpylmotor wat aanstaande jaar in Hakskeenpan in die Noord-Kaap 'n rekord gaan probeer opstel vir die vinnigste spoed wat nog ooit op land bereik is. Die rekordpoging word aangepak deur Andy Green.

Hakskeenpan is gekies weens die plat en wye oppervlak. 'n Span van 317 werklose mense in die omgewing het reeds 'n rekord opgestel vir hierdie gebeurtenis deur sowat 22 miljoen vierkante meter heeltemal skoon te maak sodat daar nie 'n enkele klip in Green se pad sal wees nie. Sowat 6 000 ton klippe is verwyder. Die gebied is 1, 3 km wyd en 20 km lank, gelykstaande aan 3000 sokkervelde.

Die motor sal 'n spoed van 1600 km/h bereik en dit binne 3,6 sekondes. Dit is ongeveer 1,4 keer vinniger as die spoed van klank en vinniger as die spoed van 'n koeël wat deur 'n Magnum .357 afgevuur word. Die motor sal sy eie lengte in minder as drie honderdstes van 'n sekonde aflê. Die supersoniese motor is 13,5 meter lank en 2,8 meter hoog en weeg sowat 7,5 ton. Die enjin van die motor produseer sowat 135 000 perdekrag, gelykstaande aan die krag van 180 Formule Een-renmotors. Die Bloodhound se eksterne oppervlak sal 'n temperatuur van tussen 150°C en 175°C bereik en die binnekant sal 3000°C word.

Daar sal sowat 40 tot 50 laespoedtoetsritte (1 368 km per uur) op die motor uitgevoer word teen April, Mei en Junie 2014. Die projek het naastenby R260 miljoen gekos.




**Die skoolbiblioteek is uitstekend toegerus met moderne tegnologie en vernuwe steeds. Foto: Frans-Hendrik Badenhorst**

# Biblioteek is nie bedreigde spesie

*Moenie boeke op buiteblad oordeel*

**NIEL BEZUIDENHOUT**

In 'n era waar moderne tegnologie soos selfone, rekenaars en die internet die hoofbron van navorsing is, het skoolbiblioteke 'n bedreigde spesie geword. Talle skole het nie meer 'n funksionerende biblioteek nie, of die voorraad is verouderd. Dit is gelukkig nie die geval by Grey nie. Alhoewel die oorheersende opinie dalk is dat die biblioteek nie meer gebruik word nie, word dit steeds vir 'n verskeidenheid doeleindes gebruik. Me. Susara Fourie (hoof van die biblioteek) sê die volgende: "Ek dink nie die biblioteek word pouses minder as in die verlede gebruik nie. Daar is dikwels leerders wat die rekenaars gebruik. Ander kom gou die koerante deurblaai en dié wat graag lees, kom neem 'n boek uit."



Etienne leroux

Die biblioteek is ook nie volgestop met verouderde boeke nie. Grey is bevoorreg dat daar op 'n jaarlikse basis nuwe boeke aangekoop word om die rakke mee te vul. Volgens me. Fourie is daar heelwat van die jongste gepubliseerde boeke in die biblioteek te vinde.

Die kwaliteit van die biblioteek kan dus geensins as 'n rede voorgehou word om nie die biblioteek te besoek nie. Daar is natuurlik wel leerders wat nooit in hul skoolloopbaan die biblioteek besoek nie, omdat hulle nie graag lees nie.

Die biblioteek word wel nie meer soveel vir navorsingsdoeleindes gebruik nie. Quentin Campbell (biblioteekprefek) verduidelik dit as volg: "Met die gerieflikheid van die internet en die maklike toegang daarna word die biblioteek nie meer vir navorsing gebruik nie. Dit is baie vinniger, geriefliker en makliker om op 'n selfoon navorsing te doen."

Alhoewel die meeste navorsing op 'n elektroniese vlak plaasvind, is 'n biblioteek steeds belangrik vir 'n skool. Me. Fourie som dit baie mooi op: " 'n Biblioteek is die intellektuele barometer van die skool. En natuurlik presteer lesers beter in alle akademiese werk as nie-lesers."

Ten spyte van 'n tyd van selfone en die internet, kon Grey se biblioteek steeds funksioneer soos dit vroeër kon. Daar is baie min skoolbiblioteke wat op só 'n vlak kan groei, en dit moet nie as vanselfsprekend aanvaar word nie.

Die biblioteek is ook vir baie navorsers 'n belangrike bron van inligting. Die kosbare Grey-boekversameling sluit onder andere werke en notas van bekende oud-Grey-skrywers in. Min skole kan spog met drie Hertzogprys-wenners in sy geledere.

By Grey is daar CM van den Heever, WA de Klerk en Etienne leroux. Leroux is seker die bekendste van hulle met twee Hertzogpryse - een vir "Sewe dae by die Silbersteins" en nog een vir "Magersfontein, o Magersfontein".

Grey se biblioteek is 'n sieraad en behoort so gesien te word.

Royal Hunting Safari's Africa
Tel: 057 899 1113 · Sel: 082 561 4995 · e-mail: rhsafaris@yahoo.com
Trotse borg van die Cherries

CARAMELLO'S®
Eat Life!
School prepares you for life, Caramello's prepares life for you. Eat Life! Eat Caramello's
Visit facebook.com/caramellos.co.za for more

# Blackberry heads into a dark future

**MATTHEW BARNARD**

Blackberry used to be at the forefront of modern smartphone technology, but is losing market share all over the world and especially in South Africa. The reason for Blackberry's popularity was the fact that it that it produced smartphones that were practical and many phones that were inexpensive.

Some of the problems that have surfaced are Blackberry's failure to continue its B.I.S. service which offered an unlimited amount of Internet usage for R60 a month and many are complaining about the battery life of the phones as the devices age. Therefore many people have decided to switch to rivals Apple and Samsung, favoring the touch screen devices that run on iOS and Android operating systems, respectively.

Blackberry has had an attempt at a revival with the introduction of the new Blackberry 10 software which features on the new Blackberry Z10 and Q10. Many people have praised Blackberry CEO Thorsten Heinz' decision to release BBM on rival platform Android and iOS later this year. In the Canadian company's heyday stock prices exceeded $200 per share compared to the $14.48 it trades at now.



Kyle Tessner, a grade 10 learner, said "Compared to rivals Samsung and Apple, Blackberry doesn't come up to scratch, but bringing BBM to the AppStore and Android Market would be a good idea for Blackberry to survive financially." Like many learners in Grey College Tessner made the switch from Blackberry to Samsung.

The Blackberry team will need a large amount of ingenuity to regain the market share it once had. Many analysts suggest that Blackberry's future growth potential lies in developing markets such as Nigeria.

Blackberry might need a miracle to be at the pinnacle of smartphone technology again and regain its status as the most dominant smartphone company. We just might yet see a surprise or will Blackberry be another company that could not keep up with the fast pace of the cruel and ever-changing world we live in?

# Is eerste span se vertoning enigste maatstaf vir uitnemendheid?

*Dit is nie altyd regverdig dat die vyftiental die skool se reputasie dra nie*




Van die laaste 110 rugbywedstryde wat die eerste span van Grey gespeel het, het Grey 6 verloor. In die laaste 303 wedstryde het Grey slegs 18 verloor. Is dit werklik so sleg soos die onlangse kritiek te kenne gee?

In 'n artikel in *The Citizen Online* wat op 25 Mei 2013 verskyn het, sê Jake White hy beskou Grey Kollege as die beste rugbyskool ter wêreld. Hy sê voorts dat die skool 'n groot invloed het - nie net op die Cheetahs nie - maar op Suid-Afrikaanse rugby in die geheel. Hy skryf dit in 'n groot mate toe aan Grey se standaarde, dissipline en wen-etos.

Hy sê ook daar hoef slegs gekyk te word na Grey alumni soos Adriaan Strauss, Bismarck en Jannie du Plessis, Johan Goosen, Jan Serfontein, Coenie Oosthuizen, Francois Steyn en Robert Ebersohn-om maar net 'n paar te noem- om te besef hoe sterk Grey Kollege geposisioneer is in Suid-Afrikaanse-en wêreldrugby.

Dit is miskien juis dié reputasie wat toenemend druk op die eerste span plaas om die legende te laat voortleef. Maar is dit regtig die enigste maatstaf waarteen Grey se skitter-reputasie gemeet mag word?

Die onlangse sogenaamde nederlaag teen Affies is 'n sprekende voorbeeld van hoe slegs die uitslag van die eerste rugbyspan gebruik word as maatstaf van die prestasie van Grey Kollege op die dag. Alhoewel die 1ste XV naelskraap met ses punte verloor het in 'n wedstryd wat letterlik enige kant toe kon gaan, het die Cherries die tweede span van Affies met 49-0 verneder. Verder het die 3de tot die 10de rugbyspan van Grey almal oortuigend gewen.

Alhoewel die impak van die eerste span tydens enige gegewe interskole bepalend is van watter skool die dag as oorwinnaars die veld verlaat, moet bogenoemde statistiek deel vorm van die perspektief wanneer daar geoordeel word.

Grey mag nooit sy strewe na uitnemendheid verloor nie, en die eerste rugbyspan mag nooit op hulle louere rus nie.

Besef tog dat ons nie die verantwoordelikheid vir die naam van die skool slegs op die skouers van 15 jong rugbyspelers kan pak nie. Onthou, *Grey in Union* - almal werk saam.



**Die eerste rugbyspan veg vir die goeie naam van die skool.** **Foto: Henry Galloway**

## Na Go Ya branch brings authentic Asian persuasion to Bloemfontein

**NALEDI MOHAPI**

Na Go Ya is one of the few Chinese and Japanese cuisine restaurants in Bloemfontein. The restaurant is relatively new. Not many people know about it but believe me, such a restaurant should be lined with people waiting to experience the magic.

I recently had the privilege to eat at Na Go Ya, specifically for review purposes, and I was impressed as soon as I stopped outside the restaurant. It's like a piece of China and Japan situated amongst Bloemfontein's many retail stores. The first step into the restaurant is just as fantastic, with friendly Asian waiters at your service. If you close your eyes you would think that you're sitting in the middle of China or Japan. So, for the appearance and ambience I give Na Go Ya 8 out 10.

The service is brilliant, always with a smile on the side and I would give the service also 8 out of 10. The food is also on par with the rest of the restaurant, offering a wide variety of Chinese and Japanese meals. Their sushi is perfectly made their prices are by far the most affordable for sea food. I give this, 7 out of 10.

One criticism I really have is that the location of the restaurant isn't too well situated, as it is right on the street in 2nd Avenue. Other criticism I have is that space is limited inside the restaurant.

Fortunately, their is also a new branch of Na Go Ya at Baysvillage, Bayswater.

Overall, I would give the restaurant 7.5 out of 10, which is very well-deserved for a great Asian restaurant.

## The old rockers are often the best ones




Bon Jovi, an American rock band from New Jersey, was formed in 1983.

The band consists of lead singer Jon Bon Jovi, keyboardist David Bryan, guitarist Richie Sambora and drummer Tico Torres. They are one of the world's best-selling bands of all time, having sold more than 100 million records, and they performed more than 2,700 concerts in over 50 countries for more than 35 million fans. Amongst numerous nominations, Bon Jovi has won a Grammy and was inducted into the UK Music hall of fame in 2006.

In the first years of the 2010s the members of the band pursued their solo projects. Bon Jovi recently returned and released their twelfth studio album, *What about Now*. The band then announced that South Africa was to be a part of their 2013 *Because We Can* tour. The last time the band was in the country was 18 years ago.

On the 7th and 11th of May, Elvis Blue opened the concert for the band in Johannesburg. Bon Jovi gave fans a three-hour performance which is unheard of by other big ticket sellers.

Having played together for almost four decades, having enough quality music material was not a problem. The band even reverted to old favourites such as *Keep the faith*, *Bad Medicine* and *Bed of Roses*. There was some controversy around the lead guitarist, Richie Sambora, as he did not participate in this leg of the tour due to personal reasons. These rockers have proved that keeping up with music trends leads to success.

Bon Jovi has successfully adapted to trends in music over the last decades and sustained their popularity well into the new millennium. Although the band did make a lot of changes in its sound it has always stayed true to its rock roots. John Bon Jovi once said, "Success is falling nine times and getting up ten"

***- Dr Grey***





## results

Interschools
Paarl Boys High

**RUGBY**

| | | |
|---|---|---|
| First Team | won | 35-28 |
| Cherries | won | 84-12 |
| Third team | won | 49-17 |
| Fourth team | won | 38-14 |
| Fifth team | won | 19-18 |
| Sixth team | won | 38-15 |
| Seventh team | won | 68-5 |
| Eighth team | won | 40-5 |
| Ninth team | won | 80-0 |
| Tenth team | won | 29-19 |
| u/16 A | won | 42-3 |
| u/16 B | won | 52-7 |
| u/16 C | drawn | 12-12 |
| u/15 A | won | 19-17 |
| u/15 B | won | 39-3 |
| u/15 C | lost | 10-26 |
| u/15 D | won | 19-12 |
| u/14 A | lost | 6-43 |
| u/14 B | lost | 7-50 |
| u/14 C | won | 17-0 |
| u/14 D | won | 26-12 |

**HOCKEY**

| | | |
|---|---|---|
| First team | lost | 0-1 |
| Second team | won | 3-0 |
| Third team | won | 1-0 |
| Fourth team | won | 7-1 |
| u/16 A | won | 2-0 |
| u/16 B | won | 2-0 |
| u/16 C | won | 2-0 |
| u/16 D | won | 7-0 |
| u/14 A | won | 2-1 |
| u/14 B | drawn | 0-0 |
| u/14 C | won | 3-2 |

# Cherries verbly almal se harte

*Resultate dui op spangees en 'n oormaat talent*

**ARMAND PRETORIUS**

Die algemene gevoel onder almal wat hulle al vanjaar sien speel het is: Hierdie Cherries-span speel van die aantreklikste rugby wat in 'n lang tyd gesien is.

Die Cherries het vanjaar nog nie 'n wedstryd verloor nie en spog met verskeie puik oorwinnings. Die eerste wedstryd het aan die begin van die tweede kwartaal teen Fichardtpark se eerstespan plaasgevind. Die Cherries het hulle met 52-0 ore aangesit, nadat die telling rustyd reeds 31-0 was.

"Indien die Cherries hul wedstrydplan kan uitvoer, is daar min spanne wat by die tempo van die wedstryd kan bly", sê mnr. Wessel du Plessis, een van die afrigters van die span. Sentraal was tweede aan die beurt. Die eindtelling was 48-10 in die guns van die Cherries, vir baie 'n verrassing.

"Sentraal is 'n goeie span, maar ons het geweet wat ons moes doen en hoe om dit te doen", som Alex Jonker, agtsteman van die Cherries, hul gevoel oor dié wedstryd op. Dit is juis hierdie wedstryd wat almal laat kennis neem het van die tipe spel wat deur die Cherries opgedis word.

In Oos-Londen het die Cherries Selborne se tweedespan met 82-7 verniel. In hierdie wedstryd is 12 drieë aangeteken, waarvan elf deur die skerpskutter-losskakel, André (Blackie) Swarts verdoel is. Hy het ook self twee drieë gedruk vir 'n persoonlike bydrae van 32 punte.

Affies het hierna na Bloemfontein gereis vir een van die grootste hoogtepunte (en toetse) op die jaarlikse interskool-kalender. Die Cherries het volgehou met hul puik vertonings en Affies se tweedespan met 47-0 geklop. "Die manier hoe ons vir mekaar speel is die grootste sterk punt van die span. Ons hou nooit op om op die veld te baklei vir 'n wen nie", sê Alex.

Die naweek na Affies het gesorg vir die hoogtepunt van die seisoen tot dusver – die totale vernietiging van Paarl Boys High se tweedespan op die hoofveld. Na 'n rustyd-voorsprong van 28-0 het die Cherries in die tweede helfte die krane behoorlik oopgedraai om met 84-12 te wen. André Swarts het hierdie keer al 12 drieë verdoel. Charl Pretorius het drie keer agter die doellyn gaan kuier, terwyl Jacques Grobler en Julian Delicado elk twee drieë gedruk het.

"Om vir Paarl Boys High 84-12 op ons tuisveld te wen was baie spesiaal", sê Alex Jonker op 'n vraag oor die hoogtepunt van die seisoen.



In die masjienkamer van die Cherries, speel Callie Janse van Vuuren (met die bal), Martin van Niekerk (links) en Alex Jonker (regs) 'n baie groot rol. Foto: Henry Galloway

# Tennis players maintain good results at the Kearsney festival

**GARY DYKMAN**

Over the years Grey College has produced many great tennis players, including Gustav Fichardt, Stefan van Schalkwyk and Jaco Makkink. Two of them competed in the Junior Wimbledon championships in London - Stefan van Schalkwyk and Jaco Makkink. Many more are expected to achieve great heights with the help of Gustav Fichardt, the first team tennis coach.

The biggest "talk" regarding tennis at Grey College is the new flood lights, which will allow tennis enthusiasts to enjoy watching tennis at more practical times. "This will also allow players to extend their matches longer into the evening", says Mr Naresh Mahabeer, head of tennis.

Tennis does not come cheap - a quality tennis ball costs in the range of R25 per ball. This means that Grey College could possibly spend up to R3000 per month on tennis balls. This also depends on whether we have home or away derbies.

Recently the first tennis team, under the captaincy of Alexis du Toit, attended the annual Kearsney Tennis Festival again.

Only the top tennis schools in the country are invited to compete against each other in probably the most exclusive tennis tournament in the country.

The tennis players proved themselves to be extremely competitive by ending third at this festival - an achievement to be proud of.

Currently Adidas and Prince are the main sponsors of tennis at Grey College. They add a lot of value to tennis at the school and ensure that development takes place at a faster rate.







# Soccer grabs imagination of more boys

**JASON LONG**

Football has captivated Grey College. During break times all learners seem to be playing soccer, and becoming good at it - thus, small wonder the first side is so skillful. During May 2013 Grey participated in a tournament hosted by Victoria Park High School in Port Elizabeth.

This was an extremely tough tournament and the first side did well to reach the quarter-finals. In the group stage they beat 3 schools and drew to Rawson Brown on their road to the knockout stages.

In the quarter-finals they narrowly lost 1-0 to the host, Victoria Park. In this extremely congested match the result could have gone either way. Gerald Lubita, captain and defender for the fist team had the following to say, "I am extremely happy with the current state of football at Grey. With the exception of one or two results, it has been a brilliant year."

In the local K. Motsepe Cup with, with one million rand up for grabs, Grey performed extremely well.

They beat CBC 3-0, Tsotsoletso 2-0 and Comtech 5-1, where Godfrey Seale (who is experiencing red-hot form) scored a brace. They lost to Hodisa 2-1 but their previous victories were enough to see them through to the quarter-finals.

On Friday 17 May they played against Brebner High School in the quarterfinals. In this tight game Brebner had the slight upper hand and came out tops at 2-1.

The greatest highlight of the year is the annual Nedbank soccer tournament to be held during the June holidays at the Windmill Park Complex.

The main sponsors, Coca Cola and Nedbank, promise to make this year's event a memorable one. More than 20 schools from all over the country will participate in this coveted tournament, including Victoria Park and Brebner - who I'm sure Grey is aching to beat.

The Engen Knockout Challenge is ten years old this year. This tournament promises to be the highlight of the year.

ENGEN
KNOCKOUT CHALLENGE
·10 YEAR ANNIVERSARY·

**Oorsese Uitslae:**

| | | |
|---|---|---|
| vs Derby Club | 4-0 | Wen |
| vs Huizer Club | 4-0 | Wen |
| vs Alkmaarse Mixed Club | 4-2 | Wen |
| vs Tilburg Club | 2-2 | Gelyk |
| vs Rosselheim Club | 4-0 | Wen |

**Ander uitslae:**

| | | |
|---|---|---|
| vs Hudson Park | 1-0 | Wen |
| vs Fichardtpark | 2-0 | Wen |
| vs Kovsies o/19 | 4-0 | Wen |
| vs Selborne | 1-4 | Verloor |
| vs Affies | 0-0 | Gelyk |



**Die hokkie toergroep by die Amsterdam Hokkieklub in Nederland. Foto: Verskaf**

# Hokkiehoogtes in Europa bereik

*Eerstespan wen vier uit vyf op toer na Nederland, België en Duitsland*

**BERNO MAARSINGH**

Vincent Lombardi het gesê die prestasie van 'n groep is die resultaat van 'n gesamentlike poging van elke individu. Die eerstespan-hokkiegroep het hierdie stelling skitterend bewaarheid toe hulle vanaf 14 Maart tot 27 Maart na Europa getoer het.

Die eerstespan het vyf wedstryde teen hokkieklubs in België, Nederland en Duitsland gespeel. Nederland en Duitsland word as die twee voorlopers in wêreldhokkie vir mans beskou. Dit was juis dié twee lande wat mekaar die stryd aangesê het in die 2012-Olimpiese Spele-finaal in Londen.

Die eerstespan het hulle puik van hul taak gekwyt en hulle het vier van die vyf wedstryde gewen, terwyl hulle die vyfde wedstryd gelykop gespeel het. Hulle het drie van die vyf wedstryde 4-0 gewen, onder andere teen Derby Hockey Club, Huizer Hockey Club en Rosselheim Hockey Club. Teen Alkmaarsche Hockey Club het hulle met 4-2 geseëvier en teen Tilburg Hockey Club gelykop met twee doele elk gespeel.

Pieter-Jan Eloff, kaptein van die eerstespan, het die volgende oor die toer gesê: "Die toer was verseker een van die bestes in my lewe! Ons het plekke besoek soos die Madame Tussauds-wasmuseum in Amsterdam, die Heidelberg Kasteel in Duitsland en ook die wêreldbekende Köln Dom, 'n stokou kerk. Die wedstryde was net so spesiaal. Ons het 'n kans gekry om onsself te meet aan spelers en spanne van Nederland, Duitsland en België; lande wat verseker vir hul hokkie bekend is!"

Volgens Reinhardt Bezuidenhout, lid van die eerstespan, het swak afronding die eerstespan hul eerste en enigste nederlaag van die seisoen teen Selborne College gekos.

Met sulke positiewe resultate is dit duidelik dat Grey se hokkie in die toekoms dopgehou moet word!

# Nuwe Olimpiese sportsoorte dien as inspirasie vir baie

**FRANS-HENDRIK BADENHORST**

Die Internasionale Olimpiese Komitee se Uitvoerende Raad het op die pas-afgelope byeenkoms by die "Sport Accord Convention" in Saint Petersburg, Rusland, besluit om drie sportsoorte op die kortlys te plaas vir moontlike nuwe sportsoorte in die 2020 Olimpiese Spele. Daar was aanvanklik agt voorstelle waarvan daar slegs drie aanvaar is naamlik stoei, muurbal en bofbal.



**Bofbal is een van die sporte op die Olimpiese kortlys. Foto: Verskaf**

Die IOK sal op 8 September 2013 tydens 'n byeenkoms, deur middel van elektroniese stemmetodes, die finale sport kies wat bygevoeg sal word vir die 2020 Spele. Daar kan een of geen sportsoorte bygevoeg word.

Die feit dat daar 'n moontlikheid is dat nuwe sportsoorte bygevoeg kan word in die opkomende Olimpiese Spele, maak die deur oop vir talle jong sportgeesdriftiges om hul talent te ontwikkel in onder andere die volgende sportsoorte, nl. stoei, muurbal en bofbal.

Bofbal word hoofsaaklik in die VSA gespeel en is nie 'n baie bekende sport onder Suid-Afrikaners nie.

Muurbal is 'n baie gesogte sportsoort in Suid-Afrika en word wêreldwyd deur nagenoeg 15 miljoen entoesiaste op 5 kontinente beoefen. Indien muurbal bygevoeg word, sal dit dien as groot inspirasie vir jong opkomende sterre om hulself te meet aan die wêreld se bestes. In 2005 is daar vir muurbal gestem ten koste van rugby, karate en gholf, maar het toe misluk om 'n twee-derde meerderheid stemme te bekom.

Is dit vergesog om te wonder of daar dalk een van die kranige jong Grey-seuns, naamlik Jason Long of Elias Polydorou tussen hierdie sportlui sal wees? Jason Long, 'n kranige muurbalspeler het tereg opgemerk: "As muurbal ingesluit word, sal dit my baie motiveer om nóg harder te werk om dalk eendag daar te kan deelneem."

Stoei word, naas atletiek, beskou as een van die sportsoorte wat die langste beoefen word, sover terug as 3 000 vC. Stoei was nog altyd 'n baie gewilde sportsoort onder Suid-Afrikaners.

# Sterk mededinging op gholfbaan versterk talent

**HUGO RICHTER**

Grey se eerste, tweede en derde gholfspanne het die naweek van die 10de tot die 12de Mei 2013 teen Affies en Pretoria Boys High deelgeneem in die jaarlikse interskole tussen Affies en Grey. Pretoria Boys High het ook deelgeneem om 'n driehoek-kompetisie te vorm tussen hierdie drie topskole.

Al drie Grey-spanne het teen Pretoria Boys High gewen en die eerste- en die tweedespan het ook teen Affies gewen. Ongelukkig het die derdespan hul wedstryd teen Affies verloor. Hierdie drie spanne het ook op die 24ste Mei teen Paarl Boys High deelgeneem. Die eerste- en die tweedespan het met hul wedstryde die oorhand gehad en die derdespan het gelykop geëindig. Mnr. Gawie Grobbelaar, wat aan die hoof staan van gholf by Grey, meen dat Paul Roos die meeste teenstand sal bied en dat hulle nog altyd 'n baie goeie gholfskool was.

Die eerstespan het ook die Vrystaat/Noord-Kaap-skoleliga gewen en dring deur na die SA Skole-finaal. Byna die helfte van die skool se eerstespan bestaan uit spelers uit graad tien. Dit is Therion Nel, Attie van Wyk en Ruan Pretorius. Mnr. Grobbelaar sê: "Hulle almal speel baie goeie gholf en het die potensiaal om nog goed te doen in die toekoms."

Grey het op die oomblik 45 spelers en dit is 'n sport waarmee rekening gehou moet word. Die spelers wat in die koshuis bly, kla oor die bussie waarmee hulle van die skool na die gholfbaan vervoer word. Louis Fourie, een van die jong en opkomende gholfspelers, sê: "Die bussie wil partykeer nie eers aanskakel nie."

## uitslae

**Interskole Selborne College**

**RUGBY**

| | | |
|---|---|---|
| Eerstespan | wen | 41-5 |
| Cherries | wen | 82-7 |
| Derdespan | wen | 23-10 |
| Vierdespan | wen | 49-0 |
| Vyfdespan | wen | 63-3 |
| Sewendespan | wen | 50-0 |
| Negendespan | wen | 73-0 |
| o/16 A | wen | 34-7 |
| o/16 B | wen | 20-13 |
| o/16 D | wen | 29-24 |
| o/15 A | verloor | 0-9 |
| o/15 B | wen | 43-3 |
| o/15 D | wen | 24-0 |
| o/14 A | wen | 33-6 |
| o/14 B | wen | 24-0 |
| o/14 D | wen | 38-0 |

**HOKKIE**

| | | |
|---|---|---|
| Eerstespan | verloor | 1-4 |
| Tweedespan | verloor | 0-6 |
| Derdespan | verloor | 0-5 |
| Vierdespan | gelykop | 2-2 |
| o/16 A | verloor | 0-1 |
| o/16 B | gelykop | 2-2 |
| o/14 A | wen | 4-2 |
| o/14 B | wen | 4-1 |

**GHOLF**

| | | |
|---|---|---|
| Eerstespan | verloor | 2-4 |

**MUURBAL**

| | | |
|---|---|---|
| Eerstespan | verloor | 0-6 |

**TENNIS**

| | | |
|---|---|---|
| Eerstespan | wen | 9-0 |
| Tweedespan | wen | 8-0 |
| Juniors | wen | 8-1 |




MEDICLINIC
BLOEMFONTEIN

24-UUR NOODSENTRUM 0800 051 051

ONS NOODSPAN STAAN REG OM TE HELP IN ENIGE MEDIESE NOODGEVAL.

KUNDIGHEID WAT JY KAN VERTROU.

# SPORT

## stoei

Olimpiese terugkeer vir oudste sport



## hokkie

Eerstespan behaal vier puik oorwinnings in Wes-Europa

## soccer

Engen tournament presented for tenth year



Grey Kollege Sekondêr · Bloemfontein · Grey College Secondary · www.gcb.co.za · Junie / June 2013




# Eerstespan behou besondere status

Carel Durow, uithaler-senter van die eerstespan, val oor die doellyn vir nog 'n drie. Foto: Henry Galloway

## Grey steeds enigste onoorwonne Wildeklawer-span

KASSEL ROTHMANN

Die vyfde jaarlikse Wildeklawer superskole-toernooi het op Donderdag, 2 Mei afgeskop. Dié toernooi, wat vanjaar op die velde van Maritzburg College in Pietermaritzburg gehou is, is bekend vir sy hoë gehalte skolerugby, waar 18 van die land se beste rugbyskole teen mekaar meeding.

Grey Kollege se eerstespan was vanjaar weer daar om sy status as die enigste skool wat nog geen wedstryd op dié toernooi verloor het nie, te verdedig.

Op die Wildeklawer superskole-toernooi speel elke span twee wedstryde waarvan party op TV uitgesaai word. Wedstryde teen onderskeidelik Oakdale Landbouskool van Riversdal en Hoërskool Monument van Krugersdorp was vanjaar op die rooster vir Grey se eerstespan. "Veral die wedstryd teen Monument gaan een wees om dop te hou" het Luan Reynders, flank van die eerstespan, voor die wedstryd voorspel.

Grey het kort na die afskop van die eerste wedstryd die voortou geneem toe Stephen Rautenbach 'n strafdoel deur die pale gestuur het. Dit is vinnig gevolg deur 'n drie van Oakdale en die eerste helfte het baie gelykop verloop. Die rustydtelling was inderdaad 13-13. In die tweede helfte het die eerstespan na 'n hoër rat oorgeskakel en drieë deur Heinrich Sander, EW Viljoen, Julian Jordaan en Andries Kriek het die Grey-manne se voorsprong vinnig laat klim. Later in die tweede helfte het Marius Louw en Carel Durow albei 'n slag onder die pale gaan kuier. Twee minute voor die einde van die wedstryd het Oakdale egter 'n drie gedruk om 'n finale telling van 42-20, in Grey se guns, te verseker.

Die tweede wedstryd teen Hoërskool Monument was egter 'n groter toets van Grey se rugbyvernuf. Die nat weersomstandighede het die spel baie beïnvloed, maar die Grey-span het gewys dat dit hulle nie van stryk sal bring nie. 'n Goeie dryfbeweging het gelei tot 'n drie vir De Wet Bezuidenhout. Die Monnas Wit Bulle het egter met hul allemintig-groot voorspelers teruggeslaan met 'n oorstootdrie. Die halftydtelling was 8-7 in die guns van Hoërskool Monument.

Die tweede helfte was 'n taai stryd om die bal, maar die twee strafdoele deur Stephen Rautenbach het die Grey-manne met die louere laat wegstap toe die fluitjie met die eindtelling van 13-8 blaas.

Dit het egter verseker dat, soos al die vorige jare, geen span die Grey-manne op hierdie toernooi kon stuit nie. Die skool se status as onoorwonne tydens die Wildeklawer superskole-toernooi bly nog steeds onveranderd.

## sporting calender

**INTER SCHOOL MATCHES**

20 July
Pretoria Boys High (Pretoria)

27 July
Grey High (Bloemfontein)

9 August
Glenwood (Bloemfontein)

17 August
Paul Roos (Stellenbosch)

**OTHER EVENTS**

20-23 June
Soccer Tournament (Grey)

1-4 July
Rugby Grant Khomo u.16
Rugby Academy Week u.18

8-13 July
Rugby Craven Week u.18 (Polokwane)

27 July
Cycling Spur MTB (Bloemfontein)

7-10 August
Tennis Waterkloof u.15 (Pretoria)

21-24 September
Cricket u.14A Hilton Festival (Pietermaritzburg)
Cricket u.15A Grey High (Port Elizabeth
Cricket u.19A Michaelmas (Pietermaritzburg))

adidas
Official sponsor of Grey Rugby

Clover
Way Better™
Official sponsor of Grey Rugby

Mr Price SPORT

Mr Price Sport Loch Logan · Shop 63A Loch Logan Waterfront
Henry Street · Bloemfontein · T: (051) 4480869

Proud supporter of **GREY RUGBY**

Springbok & Cheetahs flank forward
Performs with Maxed



vivid designs 082 576 3143